

Die Franse Familienname in Suid-Afrika

(van voor 1800)

etimologies verklaar

deur

J. D. A. KRIGE



Uitgegeen vir die Universiteit van die Witwatersrand

deur

J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

A
929.4

KR1

Die Franse Familienname in Suid-Afrika


⟨van vóór 1800⟩

etimologies verklaar

deur

J. D. A. KRIGE

*Professor in Duits en Nederlands aan die
Universiteit van die Witwatersrand*



Uitgegee vir die Universiteit van die Witwatersrand

deur

J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

1936

VOORWOORD.

Hierdie Etimologie van Franse familiename in Suid-Afrika is in sekere sin 'n vervolg op „Oorsprong en Betekenis van Nederlandse en Duitse Familiename.” Vir sover slegs die fans nog voortlewende name van die Hugenate in aanmerking geneem word, kan hierdie boekie aanspraak maak op taamlike volledigheid.

Dit sou sonder die welwillende medewerking van Mnr. Paul Chapuy, Paris, nie in dieselfde mate die geval gewees het nie. Aan hom is die skrywer besonder veel dank verskuldig, nie alleen vir die inligtinge wat hy uit sy boek „Origine des Noms Patronymiques Français” kon put nie, maar vir menige mededeling per brief.

Mêr vrug is ook gebruik gemaak van die boek „Les Noms de Personnes” van Mnr. Albert Dauzat, Directeur d'études à l'École pratique des Hautes-Études, Paris, aan wie ook 'n woord van dank toekom vir skriftelike mededeling.

Verder is van alle beskikbare bronne, soos in die lys van geraadpleegde literatuur vermeld, dankbaar gebruik gemaak.

DIE SKRYWER.

Johannesburg,
Februarie 1936.

AFKORTINGE.

Angs.	= Angelsaksies.
Ba.	= Bahlow, Dr. H. Deutsches Namenbuch.
Bo. Fr. R.	= Botha, C. G., The French Refugees at the Cape.
Ch.	= Chapuy, P., Origine des Noms Patronymiques Français.
D.	= Dauzat, A., Les Noms de Personnes.
Du C. Gl.	= Du Cange, Glossaire:
Dui.	= Duits.
Eng.	= Engels.
Fra.	= Frans.
Germ.	= Germaans.
Go. Gloss.	= Godefroy, Glossaire.
G.R.	= Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien (C. C. De Villiers).
H.Cc.	= Heintze-Cascorbi, Die Deutschen Familien Namen.
Ital.	= Italiaans.
La Gr. Enc.	= La Grande Encyclopédie.
Larousse	= Nouveau Larousse Illustré.
Lat.	= Latyn.
Littré	= Littré, Dictionnaire de la Langue Française.
Meng.	= Middelengels.
Mhdur.	= Middelhoogduits.
Mlat.	= Middellatyn.
Mndui.	= Middelnederduits.
Mnl.	= Middelnederlands.
Nddui.	= Nederduits.
Ndl.	= Nederlands.
O. & B.	= Oorsprong en Betekenis van Nederlandse en Duitse Familienaam (J. D. A. Krige).
Ofra.	= Oudfrans.
Oudgerm.	= Oudgermaans.
Spa.	= Spaans.
Verc.	= Vercoullie, Beknopt Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal.
Vla.	= Vlaams.
W. d. Ndl. T.	= Woordenboek der Nederlandsche Taal (De Vries).

DIE ONTSTAAN VAN FAMILIENAME.

Die familiename ontstaan ten gevolge van die maatskaplike ontwikkeling. By die Grieke het 'n sekere individualisme geheers. Die enkeling werd gewoonlik deur één naam aangedui, hoewel soms ook die naam van die vader, en wel in die genitief, by die individuele naam gevoeg werd, b.v.: Kimon Miltiadou(nios). ¹⁾

By die Germane en Galliërs was daar oorspronklik geen strenge maatskaplike organisasie nie, waardeur die individu as ware in die gemeenskap opgaan, soos dit reeds in die republikeinse tyd in Rome die geval was. In Rome het dan ook eintlike familiename eerste ontstaan. 'n Romein kon selfs 'n dubbele familienaam hê, deurdat by die „nomen gentilicium” nog 'n „cognomen” kon gevoeg word. Hierdie twee name met die voorafgaande „prenomen” vorm die „tria nomina” van die Romeinse burger, ²⁾ b.v.: Marcus Tullius Cicero.

In die Middeleeue het die leenstelsel tot 'n strengere maatskaplike organisasie gelei en toe het familiename meer algemeen geword.

'n Van beruſ in die meeste gevalle nie op eie keuse nie, maar is deur die gemeenskap of die amptenare in diens van die owerheid aan die persone gegee. Familiename is dus dikwels in die volste betekenis van die woord byname of toename, ³⁾ wat op die herkoms of woonplek, op die beroep of ambag, op 'n liggaamlike of geestelike eienskap betrekking kon hê.

Hierdie byname of toename het veral van die 14de eeu af tot vaste familiename geword deur inskrywing in die belastingregisters en in die oorkondes van die burgerlike stand.

Staat en gemeenskap het daar belang by dat deur vaste familiename die moontlikheid van verwarring voorkom word.

Familiename het in Frankryk vroeër as in Duitsland en Nederland opgekom.

VAN WOONPLEK OF HERKOMS AFGELEIDE FAMILIENAME.

By die adel het hierdie familiename in die eerste plek opgekom en erflik geword, deurdat die naam van die leen-

¹⁾ Sie O., & B. bls. 9—10; Griekse name.

²⁾ Sie O. & B. bls. 11—12: Romeinse name.

³⁾ Vgl. Lat. cognomen en Eng. surname; sie ook D.

goed of besitting, van die stamslot of kasteel as familienaam gebruik werd. Hierdie ontwikkeling het sy oorsprong in Middel- en Noorditalië, vanwaar dit oor Frankryk na die Rynlande en die ander dele van Duitsland en na Nederland versprei het. In Frankryk is reeds vóór die rode eeu adellike name geregistreer wat op die naam van die leengoed berus het.

In navolging van hierdie voorbeeld van die adel het die burgers hulle begin noem na hulle huise of geboorteplekke.

Die ligging van die huis in 'n nou straatjie (de Ruelle), op 'n heuwel of berg (Dumont), by sekere boom (du Buis), by 'n bos of kreupelhout (Bouchaud>Boshof, du Buisson), by 'n put (Dupuis), in die nabyheid van die stadspoort (Delporte), of van 'n moeras (Marais), by 'n grasvlakte (Du Preez) of by 'n fontein in 'n bos, waar die bome uitgeroei is (Serfontein), eindelik die feit dat die woning in 'n rots gekap was (Cronier): al hierdie omstandighede kon aan die bewoner van die huis sy naam gee.

Franse familienaam is ook dikwels afgelei van die naam van die volk waartoe die stamvader behoort het, of van die land of stad van herkoms, b.v.: Lombard, de Savoye, Du Plessis, Maleherbe, Terreblanche en De Villiers.

DOOPNAME EN VOORNAME AS FAMILIENAME.

Heel gewoon is ook in Frans die familienaam wat uit doop- en voorname ontstaan het. Hulle kan van Romeins-Keltiese oorsprong wees, b.v. Martin, of op Germaanse mansname berus, wat deur Germane, veral Franke en Boergondiërs in Gallië versprei is, b.v. Fouché, Godefroy, Guillaume, Hugo, Thibaut ens. Baie van hierdie Romeins-Keltiese en Germaanse, en selfs oorspronklik Griekse name, was name van heiliges en is ten gevolge hiervan so algemeen as doopname gebruik, b.v. Martin, Guillaume, Nicolas.

Dikwels gaan Franse familienaam wat uit doopname ontstaan het, ook op bybelse name terug, b.v. Jacob. Terwyl egter oorspronklik doopname sowel uit die Ou-Testament as uit die Nuwe Testament ontleen is, het die nuwetestamentiese later die voorkeur gekry, sodat b.v. Jacob deur Jacques (d.i. Jacobus) verdring is.

Uit die name van heiliges het soms vorme ontwikkel wat deur geen klank- of taalwette kan verklaar word nie; vorme waarin willekeur alle reël verdring het, en waar slegs die feit kan gekonstateer word dat so 'n vorm op die naam van sekere heilige teruggaan, sonder dat 'n afleiding, wat aan die eise van die taalwetenskap voldoen, kan gegee word. Wanneer b.v. Malan van Maclovius afgelei word, skyn dit in stryd met alle reël en wet te wees. Nogtans is dit nie minder waarskynlik nie as dat St. Nesert of St. Nigier op St.

Desiderius teruggaan, 'n verklaring wat aangeneem moet word op grond van die feit dat St. Desiderius sedert eeue die skutspatroon van St. Nesert en St. Nigier is. ¹⁾)

Die doop- en voorname, van watter oorsprong hulle ook al mog wees, kon deur verkleiningsuitgange (Hugo—Hugot; Hugues—Huguet), deur sinkopee, d.i. uitstoting van een of meer klanke, of deur apokopee, d.i. afkapping van klanke (Fulchar—Foucher—Fouché), verder deur agtervoegsels met diminutiewe of augmentatiewe funksie en deur aferesis gewysig word, soos b.v.: Germ. Arnwald>Fra. Arnaud+Fra. agtervoegsels—in of—eau>Arnaudin, Arnaudeau, en hieruit ontstaan deur aferesis Naudin en Naudeau (Naudé).

Sulke voor- en doopname wat op verskillende maniere en om verskillende redes gewysig is, het dikwels tot familie-name gekristalliseer. ²⁾)

Onveranderde voor- en doopname kom eweneens as familie-name voor, maar hulle is gewoonlik van jonger dagtekening.

EIENSKAPSNAME:

Hieronder word name verstaan wat op 'n liggaamlike of geestelike eienskap berus, dus by- of toename. By die Romeine ³⁾) het sulke „cognomina” (vgl. Eng. surname) 'n belangrike rol gespeel. Die cognomen was soms 'n middel om binne sekere „gens” (= geslag) die „stirpes” (= familiés) te onderskei. So was die Cornelií as gens verdeel in stirpes, b.v.: Rufini (rufus=rooiharig), Lentuli (lentulus=stadig) ens.

Doop- en voorname wat veelvuldig voorgekom het, is soms, op grond van een of ander opvallende eienskap van die draers, gewysig. Die doop- of voornaam kon dus die karakter van 'n „cognomen” aanneem wanneer b.v. sekere Guillaume, omdat hy klein van gestalte was, Guillaumet of Guillaumin genoem werd. So'n diminutief kon dan van vader, op seun oorgaan en 'n gevestigde familienaam word, al was die seun allesbehalwe 'n „klein Willem”. Dieselfde het met tal van doop- en voorname gebeur, b.v.: Hugo—Hugot; Hugues—Huguet; Nicolas—Nicolin—Colin—Colinot; Martin—Martineau—Martinet.

Naas hierdie diminutiewe en vleiname wat van doop- en voorname gevorm is, bestaan daar eintlike by- of toename, Fra. sobriquets, waarvan ook onder die in Suid-Afrika voorkomende Fra. familie-name voorbeelde te vinde is, b.v.: Gailard, Retief, Roux en le Roux, Rousseau, ens.

¹⁾) Mededeling P. Chapuy, Paris.

²⁾) Vgl. Dauzat, *Les Noms de Personnes*.

³⁾) Sie O. & B. blss. 11—12 en bls. 94.

BEROEPSNAME.

Familiename wat van 'n beroep of ambag afgelei is, het ontstaan deurdat dieselfde bedryf dikwels in vroeër tyd erflik in eenselfde familie was. In Frans soos in ander tale is hierdie name, met baie min uitsonderinge, van jonger dagtekening. Hulle is dan ook gewoonlik maklik verstaanbaar.

Hoevel familiename ook ontstaan het uit die name van bedrywe wat in sekere gemeenskap deur baie persone uitgeoefen werd, was nogtans name van bedrywe, wat slegs deur een of twee persone in eenselfde sentrum verteenwoordig was, beter geskik om tot familiename te ontwikkel, omdat hulle iets kenmerkends had. So is die naam Boer of De Boer (Fra. Paisan(t) ¹⁾) waarskynlik nie aan iemand gegee wat in 'n dorp onder boere gewoon het nie, maar aan 'n boer wat hom in 'n stad gaan vestig het.

Tot die beroepsname behoort die volgende Franse familiename in Suid-Afrika:

Celliers, Le Clerck, Cordier, Faure, Le Fèvre, Fourie, Maynier en Minnaar, Nortje, Prévot, Senekal (Sénéchal), Serturier, Le Sueur, Taillefer, Terrier.

¹⁾ Vgl. Dauzat.

DIE FRANSE FAMILIENAME.

Auoamp—Mlat. campus = veld; naam dus van woonplaas afgelei; vgl. Ndl. Op de(n) Camp, waar kamp omheinde veld of weide beteken. Aan Fra. Duchamp beantwoord Ndl. van den Kamp en van de Velde.

Beaumont—vgl. Duit. Schöneberg.

Berrangé—Mlat. Berengarius > Fra. Berang(i)er; St. Berenger was 'n monnik te St. Papoul in die jaar 1092 (Ch.). Dis ongetwyfeld Oudgerm. Beringar, d.i. ber(in) = beer + gar = werpspies; die beer was die grootste en sterkste dier in die bosse van Germanië. Beer is dus feitlik sinoniem van held.

Blignaut, Blignault—volgens mening van Ch. etimologies dieselfde as pleknaam „Bligny” uit Beliniacum, d.i. domein van Belinius, en dit berustend op die naam van die aan Apollo beantwoordende Keltiese god Belenus wat nie alleen in Gallië maar selfs tot in Italië vereer is, soos blyk uit die pleknaam „Beligna” en die aldaar gevonde opskrifte wat aan die vereëring van Belenus herinner. (La Gr. Enc.). Ook Fra. pleknaam Belignat.

Boshoff, Boshof uit Bouchaud (Bossau)—van ligging van woning en omgewing van huis afgelei. Bouchaud beteken 'n klein bos en in verskeie Fra. dialekte (patois) kreupelhout (bois rabougri). Bouchaud berus op boscus, waaruit bosc, bosquet, bouchet, bouchot en bouchaud ontstaan, almal ewe gewoon in Frans (Ch.). As pleknaam „Le Bouchaud” (Dép. de l'Allier).

Bruwer—Buère en Bruwel—Bruei (Bruèle)—die naam is afgelei van brueria, bruera, bruyère (Ch.). Kelties brug = struikgewas en daarmee begroeide grond. Naas Bruère kom in Frans ook as familienaam Bruei en Bruèle voor. Volgens Longnon is Breuil as pleknaam gewoon; die vorm Breil in Wes-Frankryk en Bruei in die Suide. Almal gaan terug op broilum, ouer broialum, 'n woord van Keltiese oorsprong wat in die Merowingiese tyd (± 500—752) 'n omheinde bos of park beteken het.

Celliers, Cilliers, Cillier, Cillié—ôf van „cella” d.i. kluis (hermitage), ook huis en selfs dispens (pantry, Fra. *petite pièce où l'on garde les provisions*); hiervan afgelei „cellérier” d.i. oorspronklik in 'n klooster 'n monnik wat vir kos en lewensmiddele moes sorg; deur uitbreiding van die betekenis is die woord ook op iemand buite 'n klooster toegepas, aan wie 'n soortgelyke taak opgelê was;
 ôf. by Fra. *cellier* (Lat. *cellarium*) = wynkelder, waarby *Cellerier* (*Célerier*) van Mlat. *cellerarius*, *celarius*, d.i. opsiener oor wynkelders.

Chiron—volgens die *Glossaire de Godefroy* is *chiron* 'n steenhoop (*monceau de pierres*), dus is hierdie naam van die ligging van die woning afgelei (sie Ch.). Volgens 'n mededeling van Dauzat is *chiron* 'n hoogte, 'n heuwel (*une butte, une hauteur*).

Colyn, Colin—van *Nicolin* of *Colinot* wat diminutiewe van *Nicolas* is. *Nicolas* (Grie. betekend „volksoorwinnaar”) was die naam van die mees populêre heilige in die later Middeleeue. St. *Nicolas* (4de eeu) biskop van Myra in Klein-Asië; skutspatroon van seeliede, kooplui en kinders.

Cordier, Cortje (Bo. Fr. *Rc.*)—by Fra. *corde*; vgl. Dui. *Seiler* = seelmaker (seeldrayer, d.i. *Mndui. sêl=tou*, dus *touslaer* (=rope maker), *Nddui. Repschläger*, *Ndl. Reepslager* (*rep*=*Ndl. reep*, *Eng. rope*); ook handelaar in toue.

Gronje uit Gronier, Grosnier—volgens mededeling van *Chapuy* afgelei van die deur *Du Cange* vermelde woord *cro*, *cros*, wat 'n hol of grot beteken. Van Mlat. *crōsus*, *crōsum* = spelonk (Eng. *cavern*); *crōsnarius*—*crosnier* is dan 'n bewoner van 'n spelonk of 'n woning wat in 'n rots gekap is (*dwelling in a cavern*).

D'Ailly—Ailly is pleknaam, b.v. *Ailly-sur-Noye*, e.a.

De Lanoy, De Lannoy—volgens *Longnon* pleknaam, en wel Pikardiese vorm van *Launoy*, en sonder lidwoord *Aulnoy*. Hierdie plékname is afgelei van Lat. *alnetum* > Fra. *aulnêe*, *aunâie* ens., wat in *Ndl. 'n elzebooschje* (=plantations of alders) beteken. Lat. *alnus* (=elsboom) > Fra. *aulne*, *aune*, vgl. *Ndl. Van der Els*, *Verelst*, *Van den Elsen*.

Delport, De la Porte—vgl. Dui. *Von der Pfordten*, d.i. by die poort (stadspoort) woonagtig. In Suid-Frans (*langue d'oc*) word „del” gebruik in plaas van „du” en „de la”; vgl. *Du Fléssis*.

De Meuron—stamvader van Neuchâtel (G. R.) Dauzat sê: Meuron (Suisse Française) évoque une tête noire comme une mûre (Lat. *morum*=moerbei); dus iemand met donker hare, soos die kleur van 'n (ryp) moerbei.

De Ruelle, Des Ruelles—in Frā. ook De la Rue. Ruelle is die diminutief van rue; vgl. Ndl. Verstraete en Verstraeten, d.i. van der straete. Straat van Mlat. *stratam* by Lat. *sternere*=strooien, plaveien (Verc.). Rue van Lat. *ruga*, d.i. o.a. 'n voor (Eng. furrow). ¹⁾

De Savoie—Savoie, Département de la Savoie.

De St. Jean—Saint-Jean, b.v. Saint-Jean-d'Angély en St. Jean de Maurienne in Savoie en baie ander plekke met die naam St. Jean.

De Ville—in Ndl. kom Van der Stad en Steeman hiermee in betekenis ooreen. Vgl. De Villiers.

De Villiers—van woonplaas of plek van herkoms afgelei.

Lat. *villa* was, soos vandag nog in Nederlands, 'n landhuis of buitenverblyf. Later in Mlat. het *villa* beteken „domaine rural” (= Ndl. landgoed, domein, Eng. landed property, estate), waaruit dan die betekenis dorp ontstaan het, aangesien op so'n landgoed baie pagters en arbeiders woonagtig was. *Villa*, later *ville*, is tot in die 15de eeu in die betekenis „village” d.i. dorp gebruik.

Van *villa* is deur middel van die agtervoegsel —*aris* ('n variant van —*alis*) *villaris* (ook *villare*) gevorm wat as 'n byvoeglike naamwoord gebruik werd om die onderhorighede van so'n „domaine rural” aan te wys. „*Terrae villares*” is dus streke wat onder die regsgebied van so'n „domaine rural” ressorteer.

Langsamerhand werd „*villaris* of *villare*” ook as selfstandige naamwoord gebesig, en terwyl „*villa*” dan beteken gemeente of dorp, is „*villaris* of *villare*” 'n gehug (Eng. hamlet, Fra. hameau).

Uit *villaris* of *villare* het in Suid-Frankryk *villar* met sy variante *villars*, *villard* ens. ²⁾ ontstaan, in Noord-Frankryk daarentoe *villers* en *villiers*. In Elzas-Lotaringe hieruit Dui. „Weiler”.

Terwyl *Villar(s)* dikwels van die lidwoord vergesel is, kom *Villers* en *Villiers* as plekname nooit met die lidwoord voor nie. ³⁾ Met De Villiers kan dus vergelyk word Ndl. Van Dorp en Nddui. Vom Dorp en Van Dörf en Dui. familienam Weiler.

¹⁾ In sekere Frā. dialekte beteken „*ru*” 'n riviertjie, 'n spruit (Ch.).

²⁾ Die verskille is suiwer grafies.

³⁾ Sie Longnon, 949, 954, 958.

Disandt—naam van heilige St. Dizant (Decentius) en pleknaam (Char.-Inf.). [Avenue Dissandt, Sea Point].

Du Buis—Lat. *buxus* > Fra. *buis* (=box-tree); pleknaam Bussy. In „Bo. Fr. R.” kom ook voor: Du Puis, d.i. van Lat. *puteus*=put, ooreenkomend met Ndl. Van der Putte. (Anne Madeleine du Puis, eggenote van David Senecal). Vir „du” sie Du Plessis.

Du Buisson—Fra. *buisson*=struikgewas, kreupelhout; vgl. Ndl. Van den Bosch, Van den Houtte. Vir „du” sie Du Plessis.

Dumont—vgl. Ndl. Van den Berg, Van der Berg.

Du Plessis—Plessis tussen Parys en Versailles kom wel nie in aanmerking nie, want „du” ontstaan deur die verbinding van „de” (d.i. van) met die lidwoord „le”: Du Plessis is dus iemand wat van Le Plessis afkomstig is. Daar is Le-Plessis-Gassot ten noorde van Parys. Le-Plessis-Belleville, noordós van Parys. Le-Plessis-Grimoult (Calvados). Le-Plessis-feu-Ausoux (Seine-et-Marne); hierdie adellike besitting „Le Plessis” het in die jaar 1170 aan ’n ridder Ansould behoort en is na sy dood Le-Plessis-feu-Ausoux genoem ¹⁾ (d.i. Le Plessis van oorlede Ansould, van Germ. Answald waaruit Oswald). Vergelyk hiermee Ndl. „haag” wat o.a. beteken: „het by een adellik verblyf behorende domein” (Verc.). „In hierdie betekenis bestaát het woord alleen nog maar als historiese term, t.w. in plaatsnamen als: ’s Gravenhage > Den Haag.” (W. d. Ndl. T.)

Daar is ongeveer 26 sulke plékname met Le Plessis in Frankryk, en in die Département du Morbihan ’n riviértjie Le Plessis.

Plessis is volgens Larousse ’n Normandiese woord betekenend „omheinde grond” (*terrain enclos á l’aide de plesses*). Littré verklaar „plessis” as volg: „Clôture formée de branches entrelacées, et aussi bois entouré d’une pareille clôture (d.i. ’n afsluiting deur in mekaar gevlegte takke gevorm en ook ’n bos of woud met ’n dergelike omheining). In hierdie betekenis, n.l. „bois en plessis” kom die woord ook in die middeleeuse diere-epos „Le Roman de Renard” voor: „Parmi un plessis de saüs,” d.i. in ’n bos met ’n heining van wilgertakke.

By Du Cange: Plessisium.

Etimologie: Mlat. *plectitius* van *plectere*=vleg.

Die juistheid van die afleiding van die familie-naam Du Plessis van die Normandiese woord „ples-

¹⁾ Sie A. Longnon.

sis," waarnaas ook plessée voorkom, word ook deur Littré aangeneem soos blyk uit 'n verwysing in Littré na „H. Moisy, Noms de famille Normands" (p. 364). Plessis beantwoord dus aan Germaans Hagan, Hage, d.i. omhëinde en daardeur beskutte woonplaas.¹⁾ Vergelyk met die familienaam „Du Plessis" in Ndl. „Van der Haeghen," en met die plekname waarin „Le Plessis" voorkom „Den Haag" uit „Des Graven Hage."

Du Præz, Du Pré, Des Pres—Lat. pratum > Fra. pré, d.i. „petite prairie" = weiveld, grasvlakte. Des Prés is die meervoud van du pré. Ndl. van der Weide, Verweij. As familienaam in Fra. ook: Delprat; dis die Suidfranse vorm vir du pré. Wat „du" en „del" betref, sie Du Plessis en Delport.

Du Puis—sie Du Buis.

Durand—hierdie naam kom in Frankryk veelvuldig voor, nogtans is 'n afdoende verklaring van die oorsprong tot dusver nie gegee nie. Die mees waarskynlike veronderstelling is, volgens 'n mededeling van Chapuy, dat die naam van Italiaanse oorsprong sou wees. Durand sou dan van Ital. Durante afgelei wees, wat die naam is van 'n dorp en van 'n kasteel. Naas die vorm Durand kom in Fra. ook Durant voor.

Die naam van die Ital. digter Dante is, na veronderstel word, van dieselfde oorsprong, n.l. 'n same-trekking van Durante.

Du Toit—hierdie naam kom in dokumente in gewysigde vorm voor, n.l.: Du Toict (1753) en du Toy (1756.)²⁾

Du Toict wys as ware op die oorsprong nl. Lat. tectum, en du Toy op die dialektiese vorme van die woord in Frans: Provençaals teg, tet; in Berry (ou Franse provinsie) beteken „tet" veestal (étable à renfermer du bétail); in die dialek van Boergondië is die woord étoir en in die Waalse dialek (Wallon) teu.³⁾

Deur uitbreiding gaan toit, d.i. dak soos in Ndl. en elders huis, woning beteken. Fra. b.v.: Le toit paternel (vaderhuis); un toit hospitalier ('n gasvrye huis). Vir „du" sie Du Plessis.

Duvénage—indien, soos wel beweer word, hierdie familienaam van Fra. oorsprong is, en oorspronklik Du Vinage was, dan berus dit op „vinage", 'n woord wat o.a. die betekenis van „vignoble", d.i. wingerd, kan hê. (Ch.). Vgl. Ndl. Van den Wijngaerde, van den Wingerd.

¹⁾ Sie O. & B. bls. 20, „Hendriks."

²⁾ Mededeling, Dr. J. J. la Roux, Pietermaritzburg.

³⁾ Littré.

Euvrard—Ohd. Eberhard (d.i. ebur=wilde swyn as sinnebeeld van krag + hard=sterk). Eberhard > Fra. Evrard en Euvrard, selfs Ouvrard.

St. Everard, marquis de Frioul (542).

St. Evrard, aartsbiskop van Salzburg.

Esterhuizen, Extreux—van pleknaam Estreux (Département du Nord). Van 1053 af kom plekname in Noord-Frankryk voor wat op die Germ. woord „stroom” berus en gekenmerk is deur voorgevoegde „e” (prosthèse d'un e; vgl. Lat. studium > Fra. estude > étude). Germ. Stroom > Fra. Estreum (1107) > Extreux. Uit die feit dat die woord estrum ook met die lidwoord voorkom „Lestrum” (Pas-de-Calais) mag ons aflei dat dit in die daaglikse taal gebesig werd. ¹⁾ Deur die Holl. uitspraak, en vermoedelik onder invloed van die veelvuldig voorkomende name Oosterhuys en Oosterhuyzen, is Estreux tot Esterhuyzen gewysig.

Faure—Lat. faber, d.i. smid. Volgens die streek verskillende vorme: In Dauphiné en Provence of algemeen in die suidelike deel van die land „Fabre, Fayre, Faure.” In die noorde-daarentoe „Fèvre, Lefèvre, Febure, Lefebure.” Die woorde fèvre en febure is in Noord-Frankryk sedert die Renaissance deur forgeron (d.i. smid) verdring, terwyl fabre en faure vir smid in Suid-Frankryk nog in gebruik is.

Fouché—van Fulcarius (Folcarius) en dit van Germ. Fulchar (d.i. volk + hari=leër en één uit die leër, 'n held of krygsman; vgl. Lat. mille en miles, d.i. duisend en één uit 'n leërmag van duisend man, 'n soldaat). Uit Fulchar ontstaan: Dui. Volker, Völker, Föker en Fücker; Fra. Foucher en Fouché. Sie bls. 10.

Fourie—in Fra. kom die volgende vorme van die naam voor: Fourrier, Fourié, Fourret, Fourriet; hulle is afgelei van Mlat.: forium; foragius, fourragium=hooi, voer; forrari, forerii=maaiers of verkopers van hooi of voer. Veelvuldig voorkomende naam weens die groot betekenis van hooi en voer nie alleen vir die boer nie, maar ook vir die leërs in vroeër eeue; (Ch.).

Gaihard—eienskapsnaam; 'n bynaam van 'n sterk en vasberade man.

Gie—Fra. Gié (vgl. Fourie—Fourié) waarnaas die Franse vorme Giey en Giet voorkom; van Georgius (Grie. georgios=boer). St. Georges, martelaar; (Ch.).

Gilmet—d.i. Guillemet, sie Guillaumet.

Codefroy—Ohd. Godafrid (Gottesfriede), verklaar as „deur die Heer beskerm of beskermend”; Ohd. fridu=vrede,

¹⁾ Longnon, 875.

beskerming, veiligheid; hieruit ontstaan Dui.: Gottfried en Goffrey, waarby Fra. Geoffroy, Geoffrey, Jaufré, Joffre. Vgl. Joubert.

Gouwe—waarnaas **Gous** en **Goosche** voorkom. Van Fra. **Gaucher**: òf iemand wat links (left-handed) is, Fra. gauche=links; òf vā die te Limoges as heilige ver-eerde St. Gaucher van Valtherus, d.i. Germ. Walthari =heerser, vòlksleier; sie Inleid. bls. 9 en vgl. Gotier, d.i. Gautier, Gauthier, Gaultier, Vautier (Oos-Frankryk) van Valtherus en dit van Germ. Walthari, d.i. walt(ant)=heersend + hari=held, leër, volk; dus wel „bevelhebber of leier vā leër of krygsvolk.” Ndl. Wouter.

Guillaumet—by Guillaume, d.i. Ohd. Willahalm (verklaar as iemand wat die wil het om te beskerm, beskermer)> Wilhelm—Willem. Guillaumet het in S.A. Giliomee, Guillome geword (Bo. Fr. R.). Guillaumet is 'n dim.. Van Fra. Guillaume is ook afgelei: Guillot(in), Guillemet. Ohd. Willahalm het in die oostelike deel van Frankryk Vuillaume geword; (D.).

Hugo—waarnaas dim. **Hugot**. Van Ohd. hugu=denkvermoë, gedagte. Hugo is 'n eenstammigē verkorting van 'n Oudgerm. volle mansnaam soos b.v. Hugebert (d.i. deur gees of denkvermoë skitterend) waardeur Hug—ontstaan, wat met uitgang o tot Hugo word. Hierdie naam gee in Frans o.a. die volgende name: Hugo, Hugot, Hugon, Huon, Hugues, Huguet, Huet, Hué, Hue.

Pleknaam: Huon (La Chapelle—Huon, Sarthe). Hugues in die volkstaal van die noordelike Frankryk. Huon is die vorm in die Chansons de gestes; (D.).

Jacob—volgens „Bo. Fr. R.” tans **Jacobs** en **Jacobse**. Jacob is in Duits vertaal „Fersenhalter” (Ferse = hakskeen); Jacob was die jonger tweelingbroer. Jacob is volgens Dauzat in Frankryk as te suiwer Joods beskou, vandaar dat die voorkeur gegee is aan Jacques (na die evangelis Jacobus) met sy afleidinge: Jacquot, Jacottet, Jacotin, ens. In hierdie verband kan ook gewys word op die feit dat sedert die 14de en 15de eeu die name van die Evangeliste: Jean, Jacques, Pierre in Frankryk die Germaanse name van middeleeuse heiliges soos St. Bernard, St. Guillaume ens. begin verdring het.

Jordaan—naam van 'n heilige, n.l. Sanctus Jordanus>Fra. St. Jourdain of Jourdan, hoof van die monnikeorde van die Dominikaners, oorlede in die jaar 1272.

Hierdie naam is oorspronklik aan kinders gegee wat met water uit die Jordaan gedoop is. Aangesien die water uit die heiligē rivier slegs teen groot onkoste

verkrygbaar was, kon alleen kinders van welgestelde ouers met hierdie heilige doopwater gedoop word; (Ch.).

Volgens 'n mededeling van Dauzat is die naam oorspronklik gedurende die kruistogte aan persone gegee wat in die Jordaan herdoop is, b.v. in die 12de eeu aan Alphonse—Jourdain, Koning van Kastilië.

Joubert—volgens H.-Cc. het Fra. Joubert uit Ndl. Govert ontstaan en Govert=Gottfried uit Germ. Godofrid, waaruit in Dui. o.a. die volgende name ontwikkel het: Gufert, Göfert en die patrón. name op—s: Gövers, Gevers en Jovers—wisseling van G en J soos: Georgius—Jorius en Joris(sen). Vir Govert (Godofrid) sie „Godefroy” bls. 18.

Kriel—volgens mondelinge oorlewering ¹⁾ is die familie uit Frankryk afkomstig en sou die naam oorspronklik „Creil” gewees het, wat vermoedelik op die naam van die stad Creil teruggaan. Hierdie stad is geleë aan die rivier Oise ten noorde van Parys in die Département de l'Oise, Arrondissement de Senlis. Die familie het egter na Hanau in Duitsland uitgewyk en daar is die naam tot Kriel gewysig. Van Hanau (by Frankfurt a. M.) het die stamvader na Suid-Afrika gekom (G.-R.).

La Bat, De Labat, La Batte, Batté—ongetwyfeld die Fra. familienaam Labatie, waarnaas ook Labatut voorkom, en waarin „batie of batut” volgens die „Glossaires van Godefroy en Du Cange” huis en selfs dorp beteken. Daardeer is die gebruik van „de la” in verband met „bat of batté” meteen verstaanbaar, want dit kom ooreen met Ndl. „van der” soos in Van der Burg (burg=kasteel en ook stad). As titel: „Marquis de Labat (ook: de la Batie).” ²⁾

Labuschagne—stamvader uit Nederland: Ndl. Bosschage, d.i. klein bos, is na die vorm skynbaar van bosch afgelei; in werklikheid is dit egter regstreeks ontleen aan Ofra. *boscage*, tans *bocage*, en dit weer aan Spa. *boscaje*. In Mnl. is dit o.a. *Buscaelge*=’n vroulike selfstandige naamwoord (sie W. d. Ndl. T.). Het uit een of ander vorm van Bosschage (Buscaelge) deur byvoeging van die lidwoord „la” en wysiging van die uitgang die naam „Labuschagne” ontstaan?

Lacock, La Cock—ongetwyfeld vir Lécocq, vgl. La Grange en Le Grange.

¹⁾ Mededeling M^{rs}. M. M. Roux, geb. Kriel, Johannesburg.

²⁾ Mededeling, P. Chapuy.

Le coc is die haan, vgl. Ndl. De Haan, den Haan en D'Hane as familienaam.

Lecocq, c'est-à-dire „beau parleur” (D.); d.i. vleier, verleier, mooiprater.

Ook volgens Ch. van diernaam afgelei, maar hy wys daarop dat die naam „Cocq” ook op coquus d.i. kok (coquina = kombuis) kan teruggaan.

La Grange, Le Grange—Lat. granum (= graan), Mlat. granea (= skuur; vgl. Eng. grange, a farmhouse with its stables and other buildings).

La Grange, en deur verwarring van woordgeslag ook Le Grange, kan dus met Ndl. name soos Verschuur, d.i. van der Schuur, en Schuurman vergelyk word; verder met Duitse name soos Scheuermann en Scheurer. In Fra. Delgrange = van der Schuur.

Mlat. Grangerius > Fra. Granger en Grangier, d.i. pagter, (graan)boer; vgl. Eng. granger.

La Motte—Mlat. mota, motta = heuwel, hoogte; vgl. Ndl. Van den Heuvel.

Le Clercq, de Clercq (de Klerk)—albei vorme word deur Botha (Fr. R.) vir die skoonvader van Jacques de Savoie opgegee: bls. 63 Philippe de Clercq en bls. 85 Philippe le Clercq. Dis heeltemaal begryplik, aangesien die man in Tournai (Tournay) in België—sy skoonseun, Jacques de Savoie, was ’n handelaar in Gent—woonagtig was, en Fra. le Clercq sowel as Vla. de Clercq van dieselfde Lat. woord clericus afgelei is. Die ander deur Botha (Fr. R.) vermelde persone met die van de Clerck het van Walcheren (Holland) gekom, vandaar dat in hierdie gevalle die Fra. lidwoord „le” nie voorkom nie, maar enkel Ndl. „de.” Vgl. Eng. clerk (clergyman, scholar, writer, copyist).

Lecrivent—Fra. naam eintlik Lécivain, d.i. skrywer, outeur. Hary Lecrivent is ongetwyfeld op grond van die eintlike Fra. naam Lécivain in die omgang „Arie Lekkerwyn” genoem.

Le Fèbre—sie Faure en vgl. Ndl. Smit, de Smedt, ens.

Le Long—d.i. Ndl. De Lange.

Le Riche—Ndl. de Rijcke, Rijke, Rykaard.

Le Roux-en Roux—in Frans ook die naam Lerouge. Hierdie woord rouge (Lat. ruber) beteken rooi, terwyl roux (Lat. russus) ’n kleur tussen rooi en geel aandui. Onder die bynaam (Fra. sobriquet(s)) berus die meeste op liggaamlike eienaardighede en die kleur van die hare speel ’n vername rol.

Met betrekking tot die antropologiese kant van die naamgewing wys Dauzat daarop dat ’n naam soos le Roux in Frankryk waarskynlik nie ontstaan het in

die gedeeltes van die land (Le Calvados en Pays de Caux), waar rooi hare, as gevolg van die Skandinawiese kolonisasie in die 10de eeu, die meeste aangestref word nie, maar in dele van die land waar rooi hare 'n uitsondering was en moes opval. Natuurlik kon die naam in enige deel van die land ontstaan deur dat één seun hom deur rooi hare van al sy broers onderskei het.

Le Sueur—Lat. tutor, Suidfra. šudour, elders sueur. Vgl. Sutter, de Suttere en Dui. Schuster (Ohd. scuohsutaere)=schoenmaker. Ndl. Schoesitter, Schoesetter, Schoenzetter.

Sutor kon schoenmaker of snyer beteken; van Lat. suere d.i. met naald en gare werk.

Lombard—Lombard—eintlik iemand uit Lombardye—was in Frankryk van die 8ste eeu af die gewone naam vir 'n Italiaan. Die naam is veral van die 14de en 15de eeu af aan Italiane gegee wat na Frankryk verhuis het. Hierop lê die verklaring van die feit dat die naam so gewoon is in Frankryk, terwyl Litalien uiters selde voorkom. In Noorditalië is in die 6de eeu deur 'n Germaanse volkstam „die Langobarden” 'n ryk gestig wat in die 8ste eeu deur Charlemagne ten onder gebring is. Langobarde>Lombard.

Die naam Langobarden is deur Bruckner en Much as „die Langbärtigen” verklaar, deur Kögler e.a. egter as „die mit langen Hellébarten Bewaffneten,” d.i. Ndl. „met hellebaarden (=lans of piek met dwarsbyl) gewapende krygslieden.”

Mahieu—uit die volkstaal vir Mathieu van Mathaeus.

Malan—volgens die „Glossaire van Du Cange (1610-1688)” is „malan”=qui a des ulcères, lèpre, dus 'n melaatse. Vir die etimologie vgl: Lat. malandria>Fra. malandrie; albei beteken melaatsheid (espèce de lèpre, pustules). Fra. malandre=lèpre, ulcère. Fra. malandrin, Ital. malandrino, d.i. eintlik 'n melaatse en deur uitbreiding: rower, skavuit (rogue). Uit die geskiedenis van hierdie familie ¹⁾ blyk dat die Malans vanweë hulle geloof vervolgd en gemartel is; dat hulle „Oorspronklike Kristene” was en die Apostoliese Geloof sedert die vroegste eeue ongeskonde bewaar het en die gesag van die Pous nie erken het nie. Die vervolging het 'n aanvang geneem in die jaar 830, dus ongeveer twee eeue voordat familienaam begin ontstaan het. Dat „malan” dus as 'n skimpnaam vir ketters gebruik is ²⁾ en deur hulle as 'n ereaam aan-

¹⁾ F. S. Malan, „Korte Lewensskets van D. G. en E. J. Malan.”

²⁾ Ook mening van H. E. de M. Malan, Bowden, Cheshire.

geneem is, skyn heeltemaal aanheemlik. Vgl. Geus. Volgens Ch. berus Malan op Maclovius, sie Inl. bls. 9. Daar Malan as van vermoedelik ouer is as plekname soos Malandry, La Maladrie, ens., is afleiding daarvan minder waarskynlik.

Malherbe.—Dauzat wys daarop hoe weinig waarde die draers van sekere name aan die spelling van hulle name gehê het. Die Franse digter François de Malherbe, b.v. het sy naam nou eens Malerbe, dan weer Málherbe en ook Maleherbe geskrywe. Ook waar die naam nie deur „de” (=van) voorafgegaan is nie, sal die oorsprong van die naam moet gesoek word in een van die talryke plekname soos Malherbe, Malesherbes (ten noordooste van Orléans), ens. Dat die naam sy oorsprong sou te danke hê aan die metaforiese betekenis van Fra. mauvaise herbe, n.l. vaurien, d.i. deugniet, ag Dauzat nie waarskynlik nie. As naam van 'n plant sê Larousse: „Malherbe, nom vulgaire de la dentelaire et du garou” (d.i. loodkruid, Eng. lead-wort, plumbago, en vyfvingerkruid, Eng. spurge-flax).

Manier.—berus op Mlat. manerius, d.i. 'n gehug (hamlet) en dörpeling of inwoner van 'n gehug; maneria = boerwoning. (Ch.)

Marais.—Lat. maragium (van mare=see) > Fra. marais (Verc.) Volgens Kluge egter lê aan Fra. marais Ofra. mareis ten grondslag van Lat. mariscus = Ndl. bies (reed, rush). Op Fra. marais berus Ndl. moeras, Eng. morass en Dui. Morast (ouer Morass). Vgl. die familienaam Palustre = qui habite le marais, d.i. iemand wat by 'n moeras woonagtig is. Marais beteken ook tuin (market-garden) in die omstreke van Parys; vgl. fève des marais = tuinboontjie.

Marchand.—van Lat. mercatans; beroepsnaam, vgl. Ndl. Koopman, Cooman en de Koopman.

Maré; Maree, Marees.—Moontlik dieselfde as Marais. Marais berus volgens Verc. op mare (=meer of moeras) en volgens Kluge op Ofra. mareis (=riet, biesie). Uit mare het naas marais ook ontstaan maresq, marest, maret. Hierdie laaste kon deur apokopee van die t maré wörd. Chapuy gee nog 'n ander verklaring aan die hand op grond van die deur Godefroy vermelde betekenis: maré, marée = bord de la mer, d.i. kus, strand. Die naam sou dan van woonplaas aan die strand afgelei wees en „strand- of kusbewoner” beteken.

Martin.—by Martinus wat van die naam van die Rom. krygs-god Mars (gen. Martis) afgelei is. St. Martinus was

as heiden gebore, maar het die stryder vir die kristendom in Gallië geword en was toe Biskop van Tours. Deur hierdie heilige het die naam Martin (Ndl. Maarten) doopnaam en familienaam geword.

Martineau—dieselfde as Martin + agtervoegsel -eau, wat hier ongetwyfeld dim. krag het.

Martinet—d.i. Martin + agtervoegsel -et wat dien om diminutiewe te vorm.

Maynier,—waar hierdie naam 'n oorspronklik Fra. naam is en nie op Ohd. Maginhar (>o.a. Meyner) berus nie, gaan dit terug op Mlat. mayneria=familie, vanwaar maynerius, mainerius, d.i. tot die familie behorend, diensbode, bediende (domestique, serviteur); (sie Ch.).

Meiring—deur Botha nie vermeld nie, maar volgens die G. R. het die voorouers „om des geloofs wil uit Frankryk gevluht”. Die stamvader het van Lingen (Duitsland) na Suid-Afrika gekom.

Hierdie naam is òf Fra. Méring van Mlat. merinus, d.i. volgens Chapuy appariteur (=deurwaarder, Eng. bailiff, doorkeeper) en in Duitsland tot Meiring, gewysig;

òf dis 'n oorspronklik Germ. naam: Maghar, d.i. mag(àn)=vermoë, krag + hari=volk, leër, held. Magdien tot-versterking van die deur die tweede deel uitgedrukte begrip, dus: machtige held. Maghar>Mager>Meir+patron. uitgg. -ing>Meiring, d.i. seun van Meir. Eindelik sou die afleiding van pleknaam Meiringen (Switserland) in aanmerking kan kom. Plekname op -ingen word gewoonlik tot -ing verkort: Meiring (Ba.).

Minnaar—Mesnard—Mlat. mesnillum, mansionile='n klein huis; ook by mainamentum=huis, woning en mainerum=huisbewoner, waarvan name soos Mainart, Ménart, Ménier, Ménié afgelei is. Hierdie name beteken: Bewoner of inwoner, huisgenoot, bediende ens.¹⁾ Vgl. Maynier en O. en B. bls. 40.

Meyer.—Meyer gaan terug op Lat. major (villae)>meyer (meier), d.i. pagter, boer. Vgl. Fra. métayer (Mlat. medietas), d.i. iem, wat om die helfte boer. Sie Meyer en Hofmeyr (Oorsprong en Betekenis van Ndl. en Dui. Familienaam). As Joodse van het Meier ontstaan deur verwarring van „Meir”, d.i. kenner van die Talmud en Dui. Meier=pagter, boer. Deur die wet was in Duitsland aan Jode verbied om te boer.²⁾

Mouton—Mlat. multo=skaap. Mouton (figuurlike betekenis) „homme d'humeur douce et fritable”, d.i. sagardige en insiklike persoon.

¹⁾ Sie Ch.

²⁾ Sie D. bls. 110:

Naudé—Germ. Arnoald, d.i. Ohd. aro, waarnaas ook 'aran, arn = adelaar + walt(ant)=heersend.>Fra. Arnaud waarby Romaanse agtervoegsels —eau en —in gevoeg is:

Arnaudeau, Arnandin, waaruit deur afkorting (afesis) ontstaan: Naudéau, Naudin (D.). Sie bls. 10.

Vgl. Dui. Noldte en Nölte uit Arnold.

Nel, Niel—Fra. Nel van Neel en dit van Niel, al drie vorme bestaan as familienaam in Frankryk. Hulle berus op Lat. nigellus, d.i. swart (vgl. Lenoir, Noir(eau) ens.). Volgens Ch. kom ook Negel(lin) voor. [Dui. Nel, Niel word van Cornelius afgelei].

Nortier, Nourtier tans Nortje—volgens C. G. Botha „The French Refugees at the Cape” was die drie broers Nortier Vlaminge wat in diens van Jacques de Savoye met die skip Oosterlandt in die jaar 1688 by die Kaap aangekom het.

Nortier is in Frans-Vlaandere 'n veeboer of veefokker, iemand wat hom met die veeteelt (cattle-breeding) besig hou; dit is dus 'n beroepsnaam.¹⁾

Olivier—drie stamvaders uit Nederland (G.R.) Volgens Gloss. de Go. middeleeuse naam vir 'maker of verkoper van (olyf)olie. Lat. oliva=olyftak; in die Oudheid sinnebeeld van vrede, wysheid en roem. Fra. Olivier=olyfboom. Oliverius, 'n heilige in die Ursulalegende. Olivier 'n held in die sage van Charlemagne. Volgens Wi. is Olivier in sommige Ndl. maaagskappe as mansvoornaam in gebruik. Die naam wat vroeër minder seldsaam was en ook oorsprong gegee het aan die geslagsnaam Oliviërse en Oliviers, is waarskynlik in Holland ingeburger uit Frankryk of Engeland.

Pienaar—stamvader Jacques **Pinard**; volgens die „Glossaire de Godefroy” beteken pinard „richard”, d.i. „personne très riche”, dus dieselfde as Ndl. Rijkaard en de Rijke. Chapuy neem egter ook afleiding aan van Pinarius met 'n aangelaste d (Fra. d parasite), naam van 'n beröemde Romeinse geslag wat verskeie konsuls en sensors aan Gallië gegee het [gentilice illustre; plusieurs consuls et censeurs en Gaule (Corpus Inscriptionum Latinarum)]. Moontlik van „pinard”, d.i. wyn in die soldatetaal (Dictionnaire de l'Académie Française); vgl. Lat. propinare, b.v. propino salutem=ek drink op die gesondheid van.

Prévot—Prévôt, Provost (Prost), d.i. provoos, magistraat. Moontlik van die beroep afgelei, maar in die meeste gevalle wel 'n bynaam (sobriquet), wat aan 'n streng en heerssugtige persoon gegee is.

¹⁾ Mededeling, Chapuy.

Retief, Rétif—Fra. naam ook Lerétif (Ch.); dis 'n eienskaps-naam: caractère rétif; esprit rétif (humeur rétive), difficile à conduire, d.i. iemand wat hom nie maklik laat lei of beïnvloed nie.

Roi—d.i. koning; ook Fra. Leroi soos Ndl. De Koning. Datzat meen dat so'n naam, wat aan 'n hoë waardigheid ontleen is, b.v. Pous, Keiser, aan 'n aanmatigende persoon gegee werd en dus ironies bedoel was. Hy wys egter ook op die moontlikheid dat die persoon „koning” van 'n afdeling boogskutters (roi d'une compagnie d'archers), of van 'n genootskap kon gewees het (vgl. Keiser of Prins van 'n rederykerskamer in Nederland). Miskien was die fortuin hom gunstig sodat hy meermaal „roi de la fève” (Eng. bean-killing of the Twelfth-Night) was. Sie ook „Oorsprong en Betekenis” bls. 50—52.

Rousseau, Roussouw, Rossouw—dieselfde as Roux en le Roux (sie hierdie naam). In Rousseau is egter 'n agtervoegsel —eau bygevoeg, waarvan die juiste waarde in Frans oor die algemeen nie maklik kan bepaal word nie, maar wat hier 'n augmentatiewe funksie skyn te hê.

Rousselet—ook Rousselot; albei van Roux met 'n dubbele agtervoegsel: Rouss—el—et; Rotuss—el—öt. Hierdie agtervoegsel —öt kom oral in Frankryk met die dim. suffiks —et ooreen, behalwe in Lotaringe waar dit 'n „suffixe péjoratif” is, d.i. dit druk uit dat iets wat minder wenslik is in hoë mate aanwesig is. (Sie Datzat).

Roux—sie Le Roux.

Senekal, Senecal, Sénéchal,—met Ohd. şcālc (=kneg) is Mlat. senescalcus gevorm, d.i. die oudste dienaar en dan „primus servorum”. Volgens Larousse was sénéchal in die suide van Frankryk dieselfde as bailli in die noorde, dus, balju (bailiff, sheriff).

Serfontein—, Cerfontaine (Serfontaine, Sierrefontaine, Serrefontaine) is een belgiese gemeente in die provinsie Namen (Namur) by Philippeville. Ze bezit een kasteel ± 1400, vroeger bewoond door de adellike familie „de Cerfontaine (de Serfontaine)”. In de „Archives départementales du Nord” is te vinden: Serfontaine (de) in stukken van 1326—27, Cerfontaine (dē) in stukken van 1328—39. Het ligt voor de hand dat ook inwoners, die uitweken die naam konden dragen.

Etym.: Ser (Cer) = sart (essart) van het mlat. escartum: défrichement (=ndl. rode, d.i. plek in 'n woud waar die bome uitgeroei is, waarvan die familienaam „Von Roden en Van Rooyen” afgelei is). Dus Serfontaine = sart de la fontaine, waaruit door volksëty-

mologie. ser=cer (cerf), d.i. ndl. hert. (Prof. Dr. P. de Keyser, Gent). Sie bls. 9.

Serrurier—van beroep afgelei; serrurier=slotmaker.

Solier—volgens Du Cange en Godefroy „étage, chambre haute”, dus iemand wat op die boonste verdieping woon.

Taillefer, Taillefert—beroepsnaam, moontlik ironies vir die smid wat die yster klowe; vgl. Faure, Le Fèvre. Vir „taille” sie. Taljard.

Taljard (Taillard)—Mlat. talliare=afkap, afsny; talliardum=afgekapte of geklowe hout ens.; talliarius=iemand wat afkap of klowe. Taillard het hierdie laaste betekenis. Vgl. Taillefer; Taillebois (bois=hout).

Taillot is volgens Du Cange „serpe”, d.i. kapes (chopping-knife).

Terreblanche, Terblanche, Terblans—as pleknaam gewoon; volgens mededeling van Chapuy is daar o.a.: Terreblanche (Nièvre), la Terreblanche (Doubs), Les Terres Blanches (Alpes-Maritimes), Terreblanche (Lot et Garonne). *Terre blanche=potklei; dus na die geaardheid (wit kleur) van die grond. Ook volgens Dauzat van pleknaam afgelei.

Terrier—Mlat. terraria=land, akker; terrarius=plaaseienaar, boer. Terrier volgens du Cange en Godefroy „tenancier,” d.i. pagter (vgl. Dui. Meyer), ook „Seigneur” (vgl. Hofmeyr 1).

Theron, Théron—naam van 'n heilige, n.l. Sanctus Thérinus>Fra. St. Thérin en St. Théron. Die verskil tussen die twee vorme op —in en—on is gewestelik. Die naam- of gedenkdag van hierdie heilige in die R.K. is 6 Mei.

Théron moet egter van Gauthier ²⁾ (uit Germ. Walthari, d.i. walt(ant)=heersend + hari=leër, volk, held>Walter en Ndl. Wouter) afgelei word, waarvan die diminutiewe Gautheret en Gautherond voorkom. Deur aferesis ontstaan uit Gautherond—Therond.³⁾

Thiard—selfs indien van Franse stamvader (sie Hoge, Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, 13de Jaargang, 2de Aflowering, bls. 293) is die naam nogtans van Germ. oorsprong: Theodhardo, d.i. diet=volk + hard=sterk, magtig. Hieruit Thiadhart, Thiard; sie Dauzat, bls. 106.

Thibaut—Germ. Theudobald, d.i. thiuda=volk + bald=koen,

¹⁾ O. & B.

²⁾ Sie Gouws.

³⁾ Mededeling, P. Chapuy.

dapper (vgl. Eng. bold). Hieruit ontstaan die Frânse vorme: Thiébault, Thibault, Thibaud, Thibau, Thibou e.a.

Tredoux—volgens mededeling van Chapuy kan hierdie naam tweërlei oorsprong hê:

òf van Mlat. *tredulus* (=dertiende) > *tredoul*. Tredoux is dus die dertiende kind;

òf van Romaans *tredoux*, Fra. *traître* van Lat. *trāditor* (Du Cange). Volgens Chapuy dus geen verband met die Bretonse voorvoegsel *tré* of *tref* nie, wat met Fra. *saint* (=Ndl. *sint*) ooreenkom. Sie „Oorsprong en Betekenis van Nederl. en Duitse Familiename, bls. 72.

Villion, Viljoen—in die „Corpus Inscriptionum Latinarum” kom die naam van ’n pelgrim „Villo” voor. Hierdie naam *Villo* is van Kelties-Romeinse oorsprong en word Fra. *Villon*, b.v. in „Villancourt” ¹⁾ (Département des Vosges); „Villons-les-Buissons” (Calvados). „Villon” is ook die naam van ’n gemeente in die Département de l’Yonne (Ch. en Gr. Enc.).

Wat Villion naas Villon betref, vind ons reeds by die Frā. digter François Villon in gedigte die uitspraak „viljō” waar die rym dit vereis. Wat die spelling betref sê Botha: „In the registers the name is spelt Signon before 1678, afterwards Villion.” Botha gee ook op „Filion” (1690).

Vivier, Viviers—Lat. *vivarium*, Mlat. *vivierium* > Fra. *vivier* (*pièce d’eau courante ou dormante, dans laquelle on nourrit du poisson*), dus ’n *reservoir*, waarin visse gehou word.

Deur verruiming van die betekenis word *vivier* „viswywer”. As familienaam ook „Duvivier”, waarmee ons Ndl. „Van den (der) Vijver” kan vergelyk.

Godefroy (Glossaire) gee vir „vivier” die betekenis op „boutique à poissons”, d.i. Ndl. vischkaar = doorboorde vischbak of bun (=kist, bak of schuitje met gaatjes in de wanden) waarin visch levend wordt bewaard; (Van Dale, Koenen).

¹⁾ Court het uit Volkslatyn *cortis* (cortem) ontstaan. Court > cour, d.i. deur mure of geboue omslote ruimte. In die taal van die landelike bevolking het die woord „court” deurdag die deel vir die geheel gebruik is, ’n sinoniem van „villa” geword en het beteken „domaine rural”, d.i. domein (estate). Aangesien op so’n landgoed baie pagters en arbeiders gewoon het, kon „court” die betekenis van „dorp” aanneem; (Longnon). Sie ook De Villiers.



J. L. VAN SCHAİK. BEPERK. PRETORIA.